

**24 Mei**

**As God onbereikbaar lyk**

**Skrifgedeelte: Job 23:1-12**  
**Fokusgedeelte: Job 23:3, 4**

Onbeskryflik was die eensaamheid wat Job in sy smarte ervaar het. Beroof van sy besittings, van sy kinders, van sy gesondheid, moes hy ervaar hoe sy lewensmaat hom geestelik in die steek laat. Die enigste wat hom opgesoek het, was sy drie beste vriende. Maar hulle aanvanklike medelye ontaard later in hartelose veroordelings. Sonder enige grond beskuldig Elifas Job; hy moes weduwees en wese veronreg het. Daarom ly hy so. Dit is God se straf vir sy bedekte ongeregtigheid. Sy advies aan Job is dus: Verwyder die onreg uit jou tent! Keer terug tot die Almagtige! (22:23).

Niemand het vir hom opgekom nie; hy moes sielseensaam gevoel het. Sy klag dat hy onskuldig ly, maak hulle uit vir volgehoue rebelsheid. Hulle wat hom die beste ken, verdink sy lojaliteit aan God. Vir Satan het God gesê: "... daar is niemand op die aarde soos Job nie, 'n man vroom en opreg, godvresend en wat afwyk van die kwaad." Dit het Job nie geweet nie. Maar wat hy wel geweet het, was dat hy, ondanks alle swakheid en sondes die HERE liefgehad en trou gedien het. Onversetlik het hy dit bly verdedig (23:10-12).

Dit sou die regverdige Regter self kon bevestig as hy net sy saak aan Hom kon voorlê. Maar vir Job is die bitterste: nêrens is Hy te vinde nie. Hy het homself van Job se saak onttrek.

Eeue na Job het Jesus op Golgota, van God en mens verlate, ons en Job se skuld betaal. En kragtens daardie offer het God in Job se hart 'n onwrikbare lojaliteit en liefde teenoor Hom gewerk, 'n liefde wat na vore gekom het in offers vir die naaste. Daardie reg om homself 'n kind van God te noem, kon Job nieteenstaande die feit dat almal hom verlaat het, nie prysgee nie. So het die Heilige Gees se werk in Job geseëvier.

Vir ons, wat ná Christus se offer lewe, is daar nog kragtiger rede om aan ons kindskap van God vas te hou. Lyding en smarte en veronregting mag ons vereensaam. En dit mag voel of God ons vergeet het. Tog mag ons seker wees dat God ons om Christus wil regverdig, nou en ook in die dag van die laaste oordeel.

*Sing: Psalm 22:1, 2 (1936-beryming)*

*Ds. Nardus Droomer (Emeritus)*